Uitgawe 45
23 - 29 Nov 2025

Anker vir die week

N.G. GEMEENTE SASOLBURG - 4 ANKERS

NG4ANKERS

Tel. nr 016 976 7500
Epos: ng4ankers@gmail.com
Webadres: http://www.ng4ankers.wordpress.com



Hom verkondig ons deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring
Kol 1:28

Laat u koninkryk kom!

Jesus is die magtige Koning wat heers oor ons wêreld. Wanneer Hy na die stukkende wêreld kom, kondig Hy sy heerskappy aan. *Bekeer julle, want die koninkryk van God het naby gekom!* Hy heers en Hy is hier om God se heerskappy oor alle mense aan te kondig.

Ons sou wou hê dat Hy almal wat aan Hom ongehoorsaam is straf, van die aarde af vee. Mense wat lieg, steel en seermaak met vuur en swael tref. Korrupte leiers ontmasker en verneder. Die aarde louter en brand. Hy moet 'n einde maak aan die wêreld sodat die lewe waarna ons uitsien, die paradys wat kom, vandag al kan aanbreek. *Gryp in Here! Straf die sondaars.*

Wanneer Jesus egter begin preek sê Hy dat die aanbreek van God se nuwe wêreld nie die lewe hierna is nie, maar 'n herstelde lewe in die wêreld waarin ons nou is (Luk 4:18 & 19). Hoop vir armes, vryheid vir gevangenes, sig vir blindes, vryheid vir die onderdruktes en 'n genadejaar vir almal. As Hy ons leer bid, bid Hy vir God se koninkryk, nie vir die einde van hierdie wêreld nie, maar vir die heerskappy van God, hier, net soos in die hemel (Matt 6:10).

In Koninkrykstyd kyk ons dus nie na die wêreld in die verwagting van God se straf en waar ons self kan veroordeel nie, maar kyk ons in liefde waar ons hoop en herstel kan bring in die Koning se Naam.

Roelf Pienaar

Program vir die week

Sondag 23/11
09:00 Erediens by die kerk
Kollekte: Bearbeiding van Gevangenes

Dinsdag 25/11
15:00 OGJ Kleingroep

Woensdag 26/11
09:30 Biduur by OGJ
10:15 Van Riebeecksentrum kleingroep
17:30 Gemeente Kleingroep

Donderdag 27/11
08:30 Biduur by Van Riebeeck
09:00 Sopkombuis by *SvH*
15:00 Biduur by Moredou

Saterdag 29/11
09:00 Kerkraad Spanbou & braai

Sondag 30/11
09:00 **Kerssangdiens** by die kerk
Kollekte: Teologiese Studentefonds

Kollekte: Bearbeiding van gevangenes
Die kollekte wat vandag opgeneem word, word gebruik vir die geestelike bearbeiding van gevangenes, dié op parool en ander wat weer deel van die samelewing geword het.

Christus is vir altyd Koning

Week 6: *Fokus op Jesus*

Ons het aan die einde gekom van die kerkjaar. Dit is die laaste week van Koninkrykstyd. Volgende week begin die kerkjaar met Advent, die tyd wanneer ons gereed maak vir die viering van die koms van Jesus met Kersfees. Jesus is die Koning van die wêreld en Hy het gekom om sy lewe te gee sodat ons in 'n nuwe verhouding met die Vader, nuut kan leef. Ons kan vandag al die vreugde daarvan ervaar dat ons kinders van die Here is. Ons leef voluit, want Jesus leef!

Elektroniese adresse
Vier Ankers se Website/Blog: *http://www.ng4ankers.wordpress.com*
WhatsApp-groep en sms'e: Stoor die nommer *066 010 3975* op u foon en *WhatsApp* u eie naam aan 066 010 3975.
Facebook: *NG Vier Ankers Sasolburg.*
Eredienste op *YouTube*: *NG Kerk 4 Ankers*
Sentrum van Hoop: *https://www.sentrumvanhoop.org/*

Teks vir November
1 Kor 3:6b ~ …maar dit is God wat laat groei het

Verjaardaglys



Onthou - Verjaardagplan
Skenk R1 vir elke lewensjaar op u verjaardag, uit dank vir die genade wat u van die Here ontvang het, die afgelope jare. Dit is nie verpligtend nie - u gee wat u kan.

	Wyk
23/11	
Susan Chamberlain	31
Jolandé Kunneke	34
Johannes Muller	5
Marcus Paeschel	23
24/11	
Pieter du Plessis	23
Jan Esterhuizen	38
25/11	
Rassie Claassen	15
Mia-Cara Kunneke	34
Mossie Mostert	12
26/11	
Hennie Pieterse	2
Lizaan van Vuuren	40
27/11	
Hendre Pieters	31
Tammy van Deventer	71
28/11	
Tania Edgar	16
Ronnie Harris	28
Adrie Kolver	30
29/11	
Kobie Kolver	31

Muntlegging en Bybelgenootskap

Ons muntlegging het uitstekend verloop en ’n bedrag van R2 015,20 is ingesamel. Baie dankie aan elkeen wat vir hierdie goeie saak bygedra het, veral vir ons Sondagskool-kinders. Baie dankie!

Kerrie & Rys Padkafee

Onthou om betyds bestellings te plaas vir Vrydag 28 November se deurry kerrie & rys stalletjie. Bestel by die kerkkantoor of by George Woodley by 083 286 9651.

Soli Deo Gloria

Baie welkom aan nuwe dooplidmaat

Ruan en Liezl Henning, ouers van Daniël Ruan, het die doopbelofte afgelê. Vier Ankers verwelkom graag die nuwe dooplidmaat.

Terugvoer na kerkraadsvergadering

Dit is met dankbaarheid dat die kerkraad kan rapporteer dat dit in 4 Ankers baie goed gaan. Daar is uiteraard uitdagings wat vandag aan kerke en gemeentes gestel word, maar in hierdie gemeente kan ons getuig van God se seën en sorg. Die kerkraad het weer uit die Skrif nagedink oor ons roeping en taak in die wêreld en bid vir die Gees se leiding op ons beplanning vir 2026.
Die enigste kommer waaroor daar gepraat is, is die tekorte op ons begroting. Die uitgawes word beperk tot die werklike inkomste. Vir die *Spesiale dankoffer* is daar R10 000 begroot waarvan daar nog slegs R2 400 ingekom het. Ons gewone *maandelikse dankoffer* toon tans ’n tekort van R55 000 en sou daar nie ’n wending kom nie sal dit in Februarie afsluit met ’n tekort van R82 000. Bid dat die Here sal volhou om die finansies van die gemeente te seën.
Die volgende persone is gekies en herkies:
*Gavin en Susan Gerber - Wyk 16
*Dr Manie Kleynhans - Diensteverhoudinge
*Ronel Colitz - Jeugaksie
Bid dat die Here hulle sal lei om sy roepstem te hoor sodat hulle die regte besluit sal neem. Bid vir die kerkraad as geestelike leiers van die gemeente.

Gebedslys

*Dot Bruwer (wyk 44);
*Sonja van Bergen (wyk 2);
*Susan Chamberlain (wyk 31) se broer, George;
*Lennert Lauwrens (wyk 30);
*Mossie Mostert (wyk 12);
*Sophia Rabie (wyk 23) se swaer, Michael Crous;
*Gideon Pretorius (wyk 45);
*Marisa Deetlefs (wyk 17);
*Tina Swart (wyk 39);
*Alta van Dyk (wyk 41);
*Rensia Fourie (wyk 45) se suster, Ancara;
*Rina Lombaard (wyk 23);
*Trudie du Toit (wyk 10);
*Nelie van Dulleman (wyk 45);
*Norman & Annatjie McLean (wyk 18) se seun, Ferdi;
*Nelie Boshoff (voorheen van 4 Ankers);
*Alida Smit (wyk 44).